# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

Die eerste vol skoolweek van 2026 is aan die gang en ons het hierdie week voluit met die akademie begin. Die Gr. 4-7 leerders skryf hierdie kwartaal geskeduleerde toetse en al die betrokke datums is op die kwartaal-program. Ons plaas weer hierdie week die kwartaalprogram aangesien die "pdf" weergawe van die kwartaalprogram in verlede week se nuusbrief nie baie duidelik is as dit vergroot word nie.

Die huissport is verlede week afgehandel en ons eerste byeenkoms is vandag teen Laerskool Selection Park in Springs. Ons wens al die atlete en afrigters sterkte toe vir die seisoen en hou duim vas dat dit goed sal gaan by die Interlaer. Ons doen 'n beroep op al die atlete om die oefeninge stiptelik by te woon vir die beste resultate.

**Mianè Stolz in Gr 5** het Vrydag met die huissport selfs gewigstoot met haar klein lyfie probeer. Ons is baie trots op haar en dankbaar dat sy en nog baie ander Rynies ten minste probeer het! Sukses begin by probeer.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



Ons is tans besig met 'n solarprojek vir die Laerskool wat byna afgehandel is.
Die kleuterskool beskik reeds oor solar.
Die beheerliggaam het einde verlede jaar die solarprojek goedgekeur. Ons is dankbaar om in die posisie te wees om voordurend verbeterings aan te bring en fondse terug te ploeg in die skool in, tot voordeel van ons leerders.

Die solar met die kragopwekker as rugsteun, verseker dat ons akademiese lesse en program nie onderbreek word deur kragonderbrekings nie.

## VEILIGHEID VAN ONS LEERDERS:

Ons versoek asseblief vriendelik dat ouers nie op skoolterrein moet wees tydens skooltye nie.

**Parkering:**

Ouers mag nie voor skoolhekke of huise se opritte parkeer nie.

**Voetoorgang**: Alle kinders & ouers mòèt die voetoorgang gebruik

## RYNIES PRESTEER:

Rynies Presteer gaan nie meer in die weeklikse nuusbrief verskyn nie. Die skoolbestuur het einde 2025 besluit om elke tweede week 'n spogblad op dieselfde manier te versprei as die nuusbrief met Rynie prestasies in.



Die doel is om die nuusbrief meer feitlik te maak met die fokus op skoolnuus, beplanning, reëlings ens.

**Gebruik voortaan die volgende epos om al die prestasies deur te stuur: bemarking@rynfieldlaerskool.co.za**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KWARTAALPROGRAM:

| | |
|---|---|
| **JANUARIE** | |
| 12 Maandag | Naskool heropen<br>Dell'Arte en Interskole inskrywings open |
| 14 Woensdag | Skool heropen |
| 16 Vrydag | Atletiek: Huissport<br>0/10 & 0/12 Netbalproewe |
| 19 Maandag | Kleuterskool: Inligtingsaand<br>Kleuterskool: Demo lesse week<br>Koor oudisie vir Rynies of leerders wat 2025 se oudisies gemis het |
| 20 Dinsdag | Inligtingsaand Gr 4-7 17h00 |
| 22 Donderdag | Atletiek: Selectionpark (weg) |
| 23 Vrydag | 0/9 & 0/11 Netbalproewe |
| 26 Maandag | Jnr+Snr kore begin oefen |
| 28 Woensdag | Atletiek: Baanbreker (Boksburg Stadion)<br>Voorkomsinspeksie Gr 1-3 |
| 30 Vrydag | 0/9 – 0/13 Finale Netbalproewe<br>Junior Koor "kamp" |
| 31 Saterdag | Senior Koor "kamp"<br>Hengel Liga |
| **FEBRUARIE** | |
| 2 Maandag | Kleuterskool: Buitemuurse lesse begin<br>Koor oefening<br>Oueraand Gr 2+3 17:00-19:00 |
| 3 Dinsdag | Atletiek: Aston Manor (tuis) |
| 6 Vrydag | Tennisproewe Gr 4-7 (rondte 1)<br>Wêreld hardopleesdag |
| 9 Maandag | Koor oefening |
| 10 Dinsdag | Interlaer: Veld Items |
| 12 Donderdag | Interlaer: Baan Items<br>Kleuterskool: Foto's |
| 13 Vrydag | Valentynshop<br>Sluitingsdatum vir inhandiging van alle interne Afr. Redenaars toesprake |
| 16 Maandag | Koor oefening |
| 17 Dinsdag | 0/9 & 0/10 Rugbyproewe<br>Senior Skaakproewe<br>**Toetsreeks: Wisk Gr 4-7** |
| 17-19 | Mini-netbalproewe |
| 18 Woensdag | 0/11 & 0/12 en 0/13 Rugbyproewe<br>Junior Skaak |
| 19 Donderdag | Atletiek: Groter Benoni<br>Senior Skaakproewe<br>**Toetsreeks: Afr Gr 4-7** |
| 20 Vrydag | Moedertaaldag<br>Tennisproewe Gr 4-7 (rondte 2) |
| 23 Maandag | Aankondiging van mini-netbal oefengroep<br>Koor oefening |
| 24 Dinsdag | Netbal oefening begin (Gr 1-7)<br>Gr 1 Redenaars uitdunne (slegs op uitnodiging)<br>**Toetsreeks: SW Geo Gr 4-6 / SW Gesk Gr 7** |
| 26 Donderdag | Atletiek: D17<br>**Toetsreeks: NW/Teg Gr 4-6 / EBW Gr 7** |
| 27 | Nal'ibali Hardopleesdag |
| Vrydag | |
| 28 Saterdag | Hengel Liga |
| **MAART** | |
| 2 Maandag | Koor oefen in Mediasentrum<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 6+7<br>Boeke gaan huis toe om te spog Gr 1-3 |
| 2-4 | **Formele assessering Afr Gr 1-3** |
| 3 Dinsdag | 0/12 & 0/13 Dorpsproewe Netbal<br>**Toetsreeks: SW Gesk Gr 5 & 6 / NW Gr 7** |
| 4 Woensdag | Mini-netbalkursus Gr 1-3<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 3<br>Laaste dag vir inhandiging van formele take Gr 4-7 |
| 4-5 | **Formele assessering Eng Gr 1-3** |
| 5 Donderdag | Mini-nebalkursus Gr 1-3<br>Rugby & Netbal @ Constantia Park<br>**Toetsreeks: Eng Gr 4-7** |
| 6 Vrydag | Wêreldbiddag vir vroue<br>**Formele assessering LV Gr 1-3** |
| 6-7 | Atletiek: Gauteng |
| 7 Saterdag | Cheerleading Kompetisie 1 |
| 9 Maandag | Kore oefen in mediasentrum<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 4+5<br>0/12 & 0/13 D6 proewe Netbal |
| 9-10 | **Formele assessering Wisk Gr 1-3** |
| 11 Woensdag | Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 1+2 |
| 12 Donderdag | Reading Thursdays |
| 13 Vrydag | Kleuterskool: Koekverkoping<br>Rynies Got Talent Oudisies |
| 14 Saterdag | Hengel Liga |
| 16 Maandag | Koor oefening<br>0/12 Ekurhuleni proewe Netbal |
| 17 Dinsdag | Kleuterskool: "What Walrus" Instappie |
| 18 Woensdag | 0/13 Ekurhuleni proewe Netbal<br>Hengel Liga |
| 19 Donderdag | Rugby & Netbal @ Anton v. Wouw |
| 20 Vrydag | Wêreld Gedigtedag |
| 20-22 | Jubaweni Rugbytoer (0/10A) |
| 23 Maandag | Koor oefening |
| 24 Dinsdag | Rugby & Netbal @ Menlo (weg) |
| 25 Woensdag | Individuele foto's |
| 26 Donderdag | Individuele foto's |
| 27 Vrydag | **Skool sluit**<br>0/11 & 1ste Span Rugbytoer @ Stellenbosch |
| 28 Saterdag | Cheerleading Kompetisie 2 |
| 27-29 Mrt | 0/11 & 0/12 Netbal toer Sportisimo |
| 30 Mrt- | 0/13 Netbaltoer – Paarl Gimnasium |

1

***** Program is onderhewig aan verandering***

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

Die **buitemuurse aktiwiteite** begin volstoom in Februarie. Daar is nog inskrywingsvorms in die kantoor beskikbaar indien ouers hul kleuters vir 'n aktiwiteit wil inskryf.

Hiermee weer 'n lys, soos op die Rynfield Kleuterskool Whatsapp-groep gedeel.

**Maandae: Young engineers & Drama**

**Dinsdae: Center Stage & Mini sport**

**Woensdae: Ballet & Bizzy Beez**

**Donderdae: Nuuskierige Agies**

**Vrydag: Kids Lab & Rugby**

*** Krieket - soos gereël met Coach Corrie**

*** Cheerleading - soos gereël met afrigters op Maandae en Donderdae**





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL:






## CHEERLEADING & POM:



Cheerleading & Pom vergadering op **Donderdag, 5 Februarie** om 18:00 in die skoolsaal. Maak seker jy woon hierdie belangrike vergadering by!

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## KULTUURTYD:



Ons sien na ‘n propvol 2026 uit. Hou asb ‘n ogie op die kwartaalprogram wat reeds uitgestuur is, sowel as die 2026 Kultuurprogram vir belangrike datums en inligting.

**Koor:**

Vrydag 30 Januarie is ons Juniorkoor se “kamp” by die skool.
Saterdag 31 Januarie is die Seniorkoor se “kamp” by die skool.
Meer inligting sal binnekort volg.

| |
|---|
| **Donderdae - Gr R Koor 13:00-13:30 (leerders sal na die skoolsaal geneem word en weer terug na die kleuterskool)** |
| **Maandae - Juniorkoor 13:15-14:15 skoolsaal (**Gr. 3 maats sluit net na skool aan.) |
| **Maandae - Seniorkoor 14:15-15:15 skoolsaal** |

**Redenaars:**

Alle voornemende redenaars moet hul toespraak by Juf. Coffey inhandig vir goedkeuring. Indien daar 'n graadgroep is met te veel voornemende redenaars, sal uitdunne in daardie graad gehou word. Die finale datum om toesprake in te handig is: **13 Februarie 2026**. Hierdie jaar sal GEEN laat toesprake aanvaar word nie - jammer julle!

**Spanredenaars:**

Spanne wat reeds weet dat hulle hierdie jaar gaan deelneem, moet so gou as moontlik hul name by Juf. Coffey gaan opgee.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## KULTUURPROGRAM 2026:



**Afrikaans Redenaars:**
**Interne Redenaars**
Gr. 6+7 : 2 Maart
Gr. 3 : 4 Maart
Gr. 4+5 : 9 Maart
Gr. 1+2 : 11 Maart

**Interskole Gauteng**
Individueel + Spanne
Sluitingsdatum van inskrywings: 13 April
Provinsiale optrede: 30 Mei
Nasionale optrede: 19 September

**Ekstra Redenaarskompetisies**

- Radikale Redenaars

**Webwerwe**:

radikaleredenaar@gmail.com / radikaleredenaar.com

**Finale dag vir inhandiging van Afrikaanse toesprake is Vrydag 13 Februarie.**

**Public Speaking + Orators**
**Intern Public Speaking (datums kan nog verander)**
Gr. 6+7 : 13 April
Gr. 3 : 14 April
Gr. 4+5 : 20 April
Gr. 1+2 : 21 April

**Inter Schools Gauteng**
Closing date for entries: 25 May
Provincial Round: 25 July
Nationals: 19 September

**Koor**
**3 Kore**
Koornaweek: Jnr - 30 Januarie
Snr – 31 Januarie
Kooroefening begin: **26 Januarie**
Graad R oefen Donderdae 13h00-13h30
Del'Arte Koorfees: 14 Augustus
Massakoor 19 Junie

**Debat** (slegs Gr. 6+7)
Debatswerkswinkel: 11 Februarie
1ste rondte 19+20 Junie
www.conspirito.co.za

**Spreekkoor**
Junior (Gr. 1-3)
Senior (Gr. 4+5)
(Gr. 6+7)
Dell'Arte Spreekkoorfees: 4 September
Oefening begin: **2de kwartaal**

**Kuns**
Deelname by
**Dell'Arte**:
Inskrywings reeds oop. Sluit: 31 Mei
Inhandiging: 31 Julie
**Vivarté:**
Inskrywings reeds oop.
Sluit: Onbekend
Inhandiging: Onbekend



**Sang**:
Alle reëlings en inskrywings deur Juf. Yolanda.
Dell'Arte: 11-17 Augustus

**Kunswedstryd**:
Enigste deelname wat in aanmerking sal kom vir toekennings by die prysuitdeling is fisiese optredes by Dell'Arte en Vivarte

**Prysuitdeling toekennings:**
Items wat erken word van die kunswedstryd vir die prysuitdeling:

- Alle poësie en poetry
- Lees en Skryf
- Mimiek, improvisasie, monoloë, samespraak
- Redenaars, spanredenaars, Public Speaking en orators
- Debat (Con Spirito)
- Advertensies en Nuusverslag
- Koor / Sanggroepe
- Spreekkoor
- Kuns " teken- / verfprente
- Sang " soos afgerig deur skool

Meeste kunswedstryde se inskrywings is reeds oop.

**SLEGS FISIESE OPTREDES SAL IN AANMERKING KOM VIR TOEKENNINGS.**


**Kultuurgroete, Juf. Coffey**

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## DRAMA:



**Dramaklub gr. 3 -7 : 2026**

Daar is al verskeie leerders wat registrasievorms einde verlede jaar ingehandig het om deel van die dramaklub te wees. Drama sal op 23 Januarie begin. Tye sal 13: 00 - 13:45 wees solank as wat die skool 13:00 uitkom. Registrasiefooie is R80. Indien leerders geregistreer het, maar fooie is uitstaande teen 23 Januarie, sal leerder nie aan die eerste klas kan deelneem nie.

**Navrae : Juf. Barbara : 083 600 5554**

**Afrigting vir Redenaars:**

Liewe Ouers, ek begin met afrigting vir individuele redenaars vanaf 2 Februarie 2026 van 13 :00 op Maandae tot Donderdae. Ek sal die afrigting op 'n tydrooster basis van 20 minute per kind doen. Totdat die Interne Redenaars afgehandel is, gaan ek grootliks slegs met individuele redenaars werk. Ons oefen in die Mediasentrum (langs tannie Maggie se nuwe kantoor). Stuur asb. ' n beoogde tyd per WA en ek sal dan met u kommunikeer daar rondom. Kommunikasie tussen 8:00 - 17: 00 asb. Naweke uitgesluit. Groete, Juf. Barbara : 083 600 5554

*22 JANUARIE 2026*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**INSKRYWINGS / HERINSKRYWINGS VIR 2026:**

Daar is heelwat inskrywingsvorms steeds uitstaande. Maak asseblief seker u stuur die nuutste inskrywingsvorm van 2026 volledig aan Me. Lenie van Zyl (debiteure@rynfieldlaer.co.za).
Die nuutste vorm is beskikbaar op die skool se webtuiste.
Harde kopieë is beskikbaar by die naskoolsentrum. **L.W**. hierdie vorms moet jaarliks voltooi word, selfs al was u kind/ers voorheen in die naskool.
Ons wil graag die register finaliseer teen 30 Januarie – indien ons nie ‘n inskrywingsvorm ontvang het nie, aanvaar ons dat u nie van die naskooldienste gebruik sal maak nie en sal ons u kind/ers van die register verwyder.



**KLERETROLLIE:**

Daar is reeds heelwat verlore items. Maak asseblief seker u kind/ers se klere en/of ander items is gemerk sodat ons verlore items kan terug besorg. Loer ook gerus vir verlore items daagliks op die kleretrollie.
Die trollie word elke twee weke leeggemaak en klere + ander items wat nie afgehaal is nie word na die verlore boks op die skoolterrein geneem.



**AFHAAL VAN LEERDER:**

Onthou asseblief om by Me. Lenie van Zyl te registreer (indien u nog nie op stelsel geregistreer is nie.

NUUSBRIEF 2 VAN 2026 *22 JANUARIE 2026*

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART:

| DAG | ETE |
|---|---|
| Maandag, 26 Jan | "Hotdogs" |
| Dinsdag, 27 Jan | T/s Spek, eier & kaas |
| Woensdag, 28 Jan | "Corndogs" |
| Donderdag, 29 Jan | Pasta |
| Vrydag, 30 Jan | "Rynie-Ratel burger + Coke + Simba chips combo" R50 |

**NASKOOLPOS BESKIKBAAR**
**Handig volledige CV in by Sonja by ontvangs voor of op Vrydag, 23 Januarie.**
**Aanstellingsdatum: 1 Feb. 2026**



**Elke Vrydag gaan daar 'n "Combo" beskikbaar wees @ R50.**
**Hou die nuusbrief dop vir die spyskaart.**
**23/1: "Footlong + Coke + Simba Chips @ R50.**



## NASKOOL SPYSKAART:

| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 26 Jan | Tunaslaai, gekookte eier & rolletjie | Vrug & sap |
| Dinsdag, 27 Jan | "Hotdogs" | Vrug & sap |
| Woensdag, 28 Jan | Kouevleisrolletjie | Vrug & sap |
| Donderdag, 29 Jan | Beesbredie, rys, pampoen & boontjies | Vrug & sap |
| Vrydag, 30 Jan | Broodjies met smere | Vrug & sap |

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

